
# RPO Markverslag
## Week 42 van 2025





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R38.16 | 2.3% | 2.9% | 24.1% |
| A2 (R/kg) | R71.49 | -0.4% | 2.0% | 36.0% |
| B2 (R/kg) | R62.38 | -0.6% | 2.2% | 32.0% |
| C2 (R/kg) | R60.96 | -0.7% | 1.8% | 37.3% |

## Speenkalwers

Die speenkalf prys het in Week 42 met 2.3% gestyg teenoor die vorige week en is tans 24.1% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n laer aanbod van speenkalwers. Die verwagting is dat die prys 'n stygende tendens kan volhou tot in Februarie. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in November rondom R37/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R34/kg en nie hoër as R41/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 42 effens gedaal teenoor die vorige week en is tans 36% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die effense daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue hoër aanbod op karkasse. Die verwagting bly steeds dat die prys 'n stygende tendens kan volhou in November asook Desember, en dan stelselmatig kan begin daal soos die nuwe jaar aanbreek. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in November rondom R74/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R66/kg en nie hoër as R82/kg behoort te wees nie.

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*


***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

# RPO Markverslag

## Week 42 van 2025




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R51.15 | 2.9% | 1.8% | 28.8% |
| A2 (R/kg) | R106.52 | -3.0% | -3.1% | 19.8% |
| B2 (R/kg) | R82.76 | -4.3% | -3.4% | 25.5% |
| C2 (R/kg) | R83.14 | 0.7% | 0.8% | 31.5% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 42 skerp gestyg met 2.9% teenoor die vorige week en is sowat 28.8% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die skerp styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n laer as verwagte aanbod van lammers in die mark. Die verwagting bly egter dat die prys moontlik kan daal tot in Desember en dan sywaarts beweeg in die eerste twee maande van die nuwe jaar. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in November rondom R48/kg te wees en nie laer as R44/kg en nie hoër as R53/kg nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 42 skerp gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 3% laer as `n week gelede, maar 19.8% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die skerp daling in die prys kan toegeskryf word aan die hoër aanbod op lamkarkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys verder sal daal tot in November en dan stelselmatig kan begin styg in Desember. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in November ongeveer R108/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R101/kg en nie hoër as R116/kg behoort te wees nie.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*